SimpleStudy®

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## PROVINSIALE EKSAMEN

# JUNIE 2019

## GRAAD 10

# REKENINGKUNDE

| VRAAG | TEMA | PUNTE | TYDSDUUR |
|---|---|---|---|
| **1** | Begrippe en Kontantjoernale | **45** | **27 min** |
| **2** | Algemene Joernaal | **22** | **13 min** |
| **3** | Algemene Grootboek en Interne Kontrole | **22** | **13 min** |
| **4** | Debiteure-rekonsiliasie en Interne Kontrole | **46** | **28 min** |
| **5** | Transaksie-ontleding | **44** | **26 min** |
| **6** | Begrippe, Salaris- en Loonjoernale en etiek | **21** | **13 min** |
| | | **200** | **120 min** |

**TYD: 2 uur**
**PUNTE: 200**

**12 bladsye**

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**PROVINSIALE EKSAMEN**

**REKENINGKUNDE**

**TYD: 2 uur**
**PUNTE: 200**

---

**INSTRUKSIES**

1. Beantwoord alle vrae in die ANTWOORDBOEK wat voorsien word.
2. Toon ALLE berekeninge om deelpunte te verdien.
3. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
4. Jy mag ’n blou- of swart pen gebruik om die vrae te beantwoord.
5. Probeer om nie van die aangeduide tyd per vraag af te wyk nie.
6. Skryf netjies en leesbaar.

| | |
|---|---|
| **VRAAG 1: 45 punte; 27 minute** | |
| **Tema van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| Begrippe en kontantjoernale | Begrippe en boekhou-inskrywings van ’n eenmansaak |
| **VRAAG 2: 22 punte; 13 minute** | |
| **Tema van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| Algemene Joernaal | Boekhou-inskrywings |
| **VRAAG 3: 22 punte; 13 minute** | |
| **Tema van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| Algemene Grootboek en Interne Kontrole | Boekhouding – Algemene Grootboek<br>Interne kontrole |
| **VRAAG 4: 46 punte; 28 minute** | |
| **Tema van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| Rekonsiliasie en Interne Kontrole | Rekonsiliasie van debiteure en interne kontrole |
| **VRAAG 5: 44 punte; 26 minute** | |
| **Tema van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| Transaksie ontleding | Transaksie-ontleding van ’n eenmansaak |
| **VRAAG 6: 21 punte; 13 minute** | |
| **Tema van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| Begrippe, Salaris- en loonjoernale en etiek | Begrippe van salarisse en lone<br>Salaris- en loonjoernale<br>Etiek |

**VRAAG 1: BEGRIPPE EN KONTANTJOERNALE** **(45 punte; 27 minute)**

1.1 **BEGRIPPE**

Pas die **inligting** in KOLOM A by die **begrip** in KOLOM B. Skryf slegs die letter (A – G) in jou ANTWOORDBOEK.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.1.1 | Dien as bron van inligting wanneer finansiële rekords voorberei word | A | Onttrekkings |
| 1.1.2 | Waar transaksies geboekstaaf word voordat dit oorgeboek word na die Algemene Grootboek | B | Kleinkasjoernaal |
| 1.1.3 | ʼn Afslag wat aangebied word vir grootmaataankope | C | Algemene Joernaal |
| 1.1.4 | Geld wat deur die eienaar uit die besigheid getrek word vir persoonlike gebruik | D | Hulpjoernale |
| 1.1.5 | Die boekhou van items wat aangekoop word vir klein bedrae | E | Handelskorting |
| | | F | Kontantkorting |
| | | G | Brondokument |

| |
|---|
| 5 |

1.2 **KONTANTJOERNALE**

Die volgende transaksies van Waterkloof Handelaars het gedurende September 2018 plaasgevind, die besigheid gebruik ʼn winsgrens van 100% op kosprys.

**GEVRA:**

1.2.1 Verwys na die onderstaande transaksies en boekstaaf dit in die Kontantjoernale vir September 2018. (40)

**NOTA:**

- Moenie die totale bymekaar tel aan die einde van die maand nie.
- **Moenie enige inligting in die kolomme wat grys gekleur is invul nie.**

**Transaksies vir September 2018**

01 Die eienaar, L. Lally, het haar kapitaalbydrae verhoog vanaf R200 000 tot R280 000 deur die bedrag direk in die besigheid se lopende bankrekening te deponeer.

Ontvang ŉ tjek van K. Siwedi ter vereffening van sy rekening van R160, minus 5% korting, reik kwitansie nr.92 uit.

03 Ontvang ŉ tjek vanaf Knysna Bank Bpk vir R16 600 vir ŉ vaste deposito van R16 000 wat verval, plus rente.

04 Betaal R2 380 per tjek nr. 115 aan Gugu Groothandelaars ter vereffening van rekening van R2 500.

Kontantverkope vir die dag, R3 900.

05 B. Brown se tjek vir R110 wat die vorige maand ontvang is ter betaling van sy rekening, is teruggestuur deur die bank as onbetaald as gevolg van onvoldoende fondse.

06 Ontvang ŉ bedrag vir R650 vanaf I. Patel as gedeeltelike betaling van sy rekening, die betaling is elektronies gedoen.

10 Koop goedere vanaf Dada Handelaars vir R4 140, betaal per tjek.

Betaal Go-Go Karweiers R300 vir die aflewering van die goedere (hierbo genoem), per tjek.

20 Trek ŉ tjek vir R870 ten gunste van die munisipaliteit om die besigheid se water-en-elektrisiteitsrekening te betaal.

22 Reik ŉ tjek uit aan Natal Bank ter gedeeltelike betaling op die lening, R7 000, plus rente op die lening vir R350.

27 Wissel ŉ kontanttjek vir R2 500 om lone vir R1 980 te betaal en gebruik die res om die wisselgeld te verhoog.

28 Kontantverkope van handelsware vir die dag, R1 520 ingesluit by die bedrag is kredietkaartverkope van R520.

30 Die bankstaat is ontvang vanaf Knysna Bank Bpk en toon dat ons bankrekening met die volgende bedrae gedebiteer is:

- Rente, R360
- Tjekboek en depositoboek-fooie, R190
- Diensgeld, R210
- Belastingheffing, R164

| |
|---|
| 40 |

| Totale Punte |
|---|
| 45 |

**VRAAG 2: ALGEMENE JOERNAAL** **(22 punte; 13 minute)**

2.1 Die onderstaande inligting vir Desember 2018 is geneem uit die boeke van Devaan Winkels, die eienaar van die besigheid is H. Devaan.

**GEVRA:**

Boekstaaf die transaksies in die Algemene Joernaal vir Desember 2018, en sluit die joernaal behoorlik af. (22)

**Verwys na onderstaande INLIGTING:**
**NOTA:** Omskrywings word nie verlang nie.

**INLIGTING:**

**A Voorlopige totale**

| Algemene Joernaal | | | |
|---|---|---|---|
| **Debiteurekontrole** | | **Krediteurekontrole** | |
| Debiet | Krediet | Debiet | Krediet |
| 624 | 316 | 702 | 454 |

**B Transaksies op 31 Desember 2018**

1 ŉ Debiteur, A. Pondor, wat R1 200 verskuldig is, is insolvent verklaar. Sy boedel betaal 30c in die rand. (Dit is reeds geboekstaaf in die besigheid se boeke.)
Die balans moet as oninbaar afgeskryf word.

2 Die bankstaat toon ŉ gedishonoreerde tjek vir R570 ontvang vanaf J. Klop ter vereffening van sy rekening van R600. Dit is geboekstaaf. Die korting moet nog gekanselleer word.

3 Die eienaar, C. Devaan is ongelukkig met die voorraad wat hy huis toe gevat het en bring die voorraad terug na die besigheid, R170. Geen inskrywing is gedoen nie.

4 Handelsware aangekoop vir R640 en per tjek betaal is korrek geboekstaaf in die KBJ. Alhoewel, met die oorboeking vanaf die KBJ, is dit foutief oorgeboek as Verbruiksgoedere.

5 Goedere teruggestuur deur M. Mawema (ŉ debiteur) soos per kredietnota vir R210 is foutief oorgeboek na die rekening van M. Mokwena (ŉ debiteur).

6 ŉ Bedrag van R550 ontvang vanaf B. Smith (debiteur) ter vereffening van haar rekening, is per abuis oorgeboek na T. Smith, ŉ krediteur.

| Totale Punte |
|---|
| **22** |

**VRAAG 3: ALGEMENE GROOTBOEK EN INTERNE KONTROLE**
**(22 punte; 13 minute)**

**RHINEHART VERSKAFFERS**

Die volgende inligting is ŉ uittreksel uit die boeke van Rhinehart Verskaffers vir die jaar geëindig 28 Februarie 2019. Die besigheid gebruik ŉ winsgrens van 60% op kosprys.

**GEVRA**

3.1 Verwys na die onderstaande Algemene Grootboek rekeninge en voltooi die ontbrekende inligting **A tot N** in jou ANTWOORDBOEK. **Toon berekeninge waar nodig** om deelpunte te verdien. (15)

3.2 Gebruik die onderstaande grootboekrekeninge en beantwoord die volgende vrae:

3.2.1 Die eienaar het goedere vir eie gebruik geneem. Wat is die verkoopsprys van die goedere wat hy geneem het? Verwys na die Handelsvoorraad rekening. (2)

3.2.2 Wat sal die brondokument wees vir bedrag L, geboekstaaf in die DAJ? (1)

3.3 Ernst Rhinehart, die eienaar, vermoed dat voorraad gedurende die jaar gesteel is. Hy het jou gevra om hom raad te gee oor interne kontrole prosedures wat hy kan implementeer om diefstal te voorkom. Noem TWEE interne kontroles om voorraad te beveilig. (4)

**INLIGTING**

**ALGEMENE GROOTBOEK VAN RHINEHART VERSKAFFERS**
**NOMINALE-REKENINGE AFDELING**

| Dt | | | | | | **VERKOPE** | | | | | Kt |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | Feb | 01 | Totaal | a/b | 150 000 | 00 |
| | | | | | | | 28 | **A** | DJ | 80 000 | 00 |
| | | | | | | | | Bank | **B** | 92 000 | 00 |
| | | | | | | | | | | | |

| Dt | | | | | | **KOSTE VAN VERKOPE** | | | | | Kt |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Feb | 01 | Totaal | a/b | 93 750 | 00 | Feb | 28 | Handels-voorraad | DAJ | 6 000 | 00 |
| | 28 | **C** | DJ | 50 000 | 00 | | | | | | |
| | | Handels-voorraad | KOJ | **D** | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | |

**BALANSSTAAT REKENINGE AFDELING**

| Dt | | | | | | **HANDELSVOORRAAD** | | | | | Kt |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Feb | 01 | Saldo | a/b | 110 000 | 00 | Feb | 28 | **E** | DJ | **F** | |
| | 28 | Bank | **G** | 120 000 | 00 | | | Koste van verkope | KOJ | 57 500 | 00 |
| | | **H** | KJ | 30 000 | 00 | | | **I** | KAJ | 7 000 | 00 |
| | | Kleinkas | **J** | 1 000 | 00 | | | Onttrekkings | AJ | 5 000 | 00 |
| | | **K** | DAJ | **L** | | | | Donasies | **M** | 2 000 | 00 |
| | | | | | | | | Saldo | o/d | **N** | |
| | | | | **267 000** | **00** | | | | | **267 000** | **00** |
| Mrt | 1 | Saldo | a/b | **N** | | | | | | | |

| **Totale Punte** |
|---|
| **22** |

**VRAAG 4: DEBITEURE REKONSILIASIE EN INTERNE KONTROLE (46 punte; 28 minute)**

**SCHUMANN GROOTHANDELAARS**

Die onderstaande inligting is geneem uit die boeke van Schumann Groothandelaars.

**GEVRA**

4.1 Berei die korrekte Debiteurekontrolerekening vir 31 Maart 2019 voor nadat aansuiwerings vir alle foute en weglatings in berekening gebring is en balanseer die rekening. (14)

4.2 Berei ŉ korrekte lys van debiteure voor op 31 Maart 2019. (16)

4.3 Voorsien EEN rede hoekom jy dink die saldo van die Debiteurekontrolerekening moet ooreenstem met die Debiteurelys. (2)

4.4 Die eienaar Paul Schumann is bekommerd dat debiteure nie betyds sal betaal nie. Noem DRIE maatreëls wat in plek gesit kan word om te verseker dat debiteure betyds betaal. (6)

4.5 Verwys na die Debiteurekontrolerekening en beantwoord die volgende vrae:

4.5.1 Indien die korting toegestaan R35 720 is, hoeveel is vanaf debiteure ontvang gedurende Maart? (2)

4.5.2 Behalwe vir rente gehef, wat anders kan voorkom as joernaaldebiete? Voorsien EEN item of antwoord. (2)

4.5.3 Voorsien TWEE moontlike redes vir die debiet van R300 in die Debiteurekontrolerekening. (4)

**INLIGTING**

**ALGEMENE GROOTBOEK VAN SCHUMANN GROOTHANDELAARS**
**BALANSSTAATREKENINGE AFDELING**

| Dt | | DEBITEUREKONTROLE | | | | | | | | | Kt |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Mrt | 1 | Saldo | a/b | 89 560 | 00 | Mrt | 31 | Bank en korting toegestaan | KOJ | 266 040 | 00 |
| | 31 | Verkope | DJ | 270 000 | 00 | | | Debiteure afslag | DAJ | 1 200 | 00 |
| | | Bank | KBJ | 300 | 00 | | | Joernaal krediete | AJ | 1 950 | 00 |
| | | Joernaal debiete | AJ | 720 | 00 | | | Saldo | o/d | 91 390 | 00 |
| | | | | **360 580** | **00** | | | | | **360 580** | **00** |
| Apr | 1 | Saldo | a/b | 91 390 | 00 | | | | | | |

**Lys van debiteure op 31 Maart 2019**

| NAAM | Debiet | |
|---|---|---|
| Cooper | 17 900 | 00 |
| Baloyi | 16 380 | 00 |
| Hope | 14 400 | 00 |
| Smith | 21 900 | 00 |
| Williams | 18 200 | 00 |
| | 88 780 | 00 |

**Foute en weglatings ontdek gedurende die maand:**

A Die openingsaldo van die Debiteurekontrolerekening is met R6 000 te veel geboekstaaf.

B Die totaalkolom in die Debiteure-afslagjoernaal is met R210 te min opgetel.

C ŉ Kredietverkopefaktuur vir R2 900 uitgereik aan Baloyi is korrek in die Debiteurejoernaal geboekstaaf maar foutief oorgeboek na die rekening van Smith.

D ŉ Kredietnota vir R520 vir Cooper is glad nie geboekstaaf nie.

E ŉ Tjek ontvang vir R5 600 vanaf Hope ter volle vereffening van sy rekening van R6 000 is korrek geboekstaaf in die hulpjoernaal. Alhoewel die boekhouer vergeet het om die korting in sy rekening te boekstaaf.

F ŉ Kredietnota vir R1 600 is korrek geboekstaaf in die Debiteure-afslagjoernaal, maar is foutief as ŉ faktuur geboekstaaf in Williams se rekening.

G Belas Baloyi se agterstallige rekening van R8 000 met R300 rente. Geen inskrywing is nog gedoen nie.

| **Totale Punte** |
|---|
| **46** |

**VRAAG 5: TRANSAKSIE-ONTLEDING** **(44 punte; 26 minute)**

**GEVRA**

5.1 Gebruik die inligting van BB Mode-Boetiek en toon die effek van elke transaksie op die Rekeningkunde Vergelyking vir Augustus 2018. (38)

Veronderstel die Banksaldo is **voordelig** vir alle transaksies.

5.2 Beantwoord die volgende vrae:

5.2.1 Verduidelik die betekenis van V/T. (Verwys na transaksie op die 19$^{de}$) (2)

5.2.2 Voorsien TWEE redes waarom die bank ŉ tjek kan dishonoreer. (4)

**Transaksies**

**Voorbeeld:** Skenk skryfbehoeftes van R540 aan die plaaslike kleuterskool.

01 Stanford Verskaffers hef rente teen 6% vir twee maande op die besigheid se agterstallige rekening van R3 600.

07 A. Habib is insolvent verklaar, BB Mode-Boetiek het R1 400 ontvang as ŉ eerste en finale dividend van 35 sent in die rand. Die balans moet afgeskryf word as oninbaar.

16 Die bankstaat ontvang vanaf Rand Bank toon rente ontvang van R130.

19 Die bankstaat toon ŉ V/T tjek vir R1 260, hierdie tjek is ontvang vanaf M. Gumpu ter vereffening van sy rekening van R1 300.

25 Wissel ŉ kontanttjek vir R480 om die kleinkasvoorskot van R600 te herstel.

31 Koop goedere op krediet vanaf Wacko Kleinhandelaars vir R1 700, minus 10% handelskorting.

| **Totale Punte** |
|---|
| **44** |

**VRAAG 6: BEGRIPPE, SALARIS- EN LOONJOERNALE EN ETIEK (21 punte; 11 minute)**

6.1 **BEGRIPPE**

Dui aan of die volgende verklarings WAAR of ONWAAR is.

6.1.1 Die afkorting VOH staan vir Vaardigheidsontwikkelingsheffing.

6.1.2 VOH word deur werkgewers betaal wie se betaallys meer as R300 000 is.

6.1.3 WVF is normaalweg 1% van netto salarisse.

6.1.4 Netto salaris staan ook bekend as krediteure vir salarisse.

6.1.5 LBS moet aan die Tesourie betaal word.

6.2 **SALARISSE EN LONE**

Jy word voorsien van inligting uit ’n uittreksel van die Loonjoernaal en Salarisjoernaal van Ndebele Kleinhandelaars vir Mei 2018. Hulle het werknemers wat weekliks en maandeliks betaal word.

**GEVRA**

6.2 Bereken die ontbrekende bedrae in die Lone en Salarisjoernale vir Mei 2018. (10)

6.3 Beantwoord die volgende vrae:

6.3.1 Voorsien die dubbelinskrywing vir die Pensioenfondsbydrae in die Loonjoernaal. (2)

6.3.2 Die netto salaris bereken in 6.2.5 in die Salarisjoernaal sal oorgeboek word na die Salarisrekening en watter ander rekening? (1)

6.4 Die eienaar Mr Thomas Ndebele het besluit om nie hierdie maand die LBS bedrag oor te betaal nie omdat hy kontant nodig het, hy sal vogende maand ’n dubbele oorbetaling maak. Hoekom is jy teen hierdie besluit wat hy gemaak het gekant. Voorsien EEN konsekwensie (gevolg) van hierdie aksie. (3)

**INLIGTING A**

| LOONJOERNALE VAN NDEBELE KLEINHANDELAARS VIR MEI 2018 | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Week eindig** | **Bruto Loon** | **AFTREKKINGS** | | | | | **Netto Loon** | **WERKGEWERBYDRAES** | | | |
| | | **Pensioen-fonds** | **Mediese-fonds** | **WVF** | **LBS** | **Totaal** | | **Pensioen-fonds** | **Mediese-fonds** | **WVF** | **VOH** |
| 21 Mei 2017 | R2 874 | R160 | R240 | R28.74 | R809 | **6.2.1** | **6.2.2** | R320 | R240 | **6.2.3** | R28.74 |
| 28 Mei 2017 | R3 078 | R164 | R240 | R30.78 | R882 | | | R320 | R240 | | R30.78 |

**INLIGTING B**

| SALARISJOERNAAL VAN NDEBELE KLEINHANDELAARS OP 31 MEI 2018 | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Bruto Salaris** | **AFTREKKINGS** | | | | | **Netto Salaris** | **BYDRAES** | | | |
| | **Pensioen-fonds** | **Mediese-fonds** | **LBS** | **WVF** | **Totaal** | | **Pensioen-fonds** | **Mediese-fonds** | **WVF** | **VOH** |
| R21 110 | R1 480 | R1 450 | **6.2.4** | R2 111 | R13 261 | **6.2.5** | R2 960 | R2 175 | R2 111 | **6.2.6** |

**INLIGTING C**

- Die werkgewer dra op ŉ rand-tot-rand basis by vir WVF.
- Die werkgewer dra 1% van die bruto salaris by vir VOH.

| **Totale Punte** |
|---|
| **21** |

**EINDE**